



Eksodus 3:17-22

God... by jou... vir altyd...

20 September 2026

09:00 @ Hoogland



*Baie welkom by vanoggend se erediens
Dit is lekker om jou en jou gesin hier te hê.*

Kuier jy vandag by Hoogland of sluit jy as nuwe lidmaat aan?
Kom maak gerus kennis by die [info@PEHoogland](mailto:info@PEHoogland.co.za)-tafel in die voor-
portaal en kry gerus ná die erediens 'n koppie koffie.

Die leraar(s) wil jou graag ontmoet.

Vir meer inligting:

Besoek asb die *webblad* www.pehoogland.co.za → Ek wil → Lidmaat
word, stuur 'n *WhatsApp* na 079 815 9325, neem 'n "Nuwe Intrekke-
r"-koevert uit die brosjurevakkies of kontak Annalize by die kerkkantoor.

Program van die dag

09:00 Oggenddiens: Student Marius Hulme

10:00 GVG: Avontuurweek Groot Groep in die Saal

Deurkollekte: Sin. Getuienis (Sending)

Algemeen

Program vir die week:

Dinsdag: 22 September

11:00 Gebedsaksie in die Kapel

Woensdag: 23 September

SKOLE SLUIT

8:45 B/fontein Bybelstudie


10:00 Gemeente Bybelstudie

DONDERDAG: 24 September

GHOLFDAG

*Gemeentebedieninge hervat
weer ná die skoolvakansie.*

Dankoffers



Bankbesonderhede

NG Kerk PE Hoogland
ABSA
Rek - 1400 149 980
Takkode - 632005



Zapper

Gebedsversoeke kan enige tyd baie vertroulik gestuur word na Hoogland se WhatsApp-nommer: 079 815 9325. Daar is altyd iemand wat saam met jou sal intree in gebed.

Matrieks 2026

JY IS UITGENOOI!

SONDAG 11 OKTOBER 2026 | OM 09:00

... ons bid vir jou en saam met jou ♥

Groot drome Begin hier ♥

HOOGLAND
SAME · GLO · BID · GROEI

Faith Fuells Progress ♥

Die Matriekeindeksamen lê voor – niemand hoef dié pad alleen te stap nie. Neem gerus 'n Matrikulant aan en stap vir die duur van die eksamen die pad saam met hom/haar. Hou kontak, bid saam, bemoedig en verras hulle dalk selfs met iets lekkers vir die ure se leer. Name en kontaknommers van Matrikulante is by die Info@PEHoogland-tafel beskikbaar.

ONTHOU ASSEBLIEF :

- **Hoogland Gholfdag - 24 September:** Gholfers is jou 4-bal al ingeskryf? Ons is nog opsoek na borge vir die bowwe en pryse. Gesels gerus met Richard Moore.
- **Huwelikskursus begin Woensdag, 7 Oktober:** verpligtend vir alle verliefdes & verloofdes.
- **Doopkursus begin Donderdag, 8 Oktober:** verpligtend vir alle ouers & voornemende ouers wat vir die eerste keer by Hoogland wil doop.

Stuur gerus 'n *WhatsApp* boodskap na 079 815 9325 as jy vir enige van die bogenoemde geleenthede wil aanmeld / inskryf.

MTR Smit Kinderoord

MTR Smit Kinderoord gaan tans deur 'n moeilike tyd en is daar 'n groot behoefte aan kos én finansiële ondersteuning.

Hoogland is betrokke by Huis 8, waar daar tans 7 meisies is wat kan huis toe gaan die vakansie. Hoogland wil baie graag kyk om 7 vakansiepakke vir hierdie meisies vol te maak om seker te maak hulle kan huis toe gaan. Elke pakke benodig:

- 1 x macaroni / 1 x spaghetti
- 1 kg meel / 1 kg meliemeel
- 2 x pakke gis
- 1 x grondboontjebotter / 1 x konfyet
- 2 l melk
- 1 kg suiker
- 1 x blikkie *bully beef* / 3 x blikkies *baked beans* / 2 x blikkies sardientjies
- 6 eiers
- 750 ml kookolie
- 1 kg rys
- 2 x pakke soya mince
- 5 x pakke sopoeier
- 2 x brode
- 1 x sakkie uie / 8 aartappels / 8 wortels

Kies somer 2/3 items van die lys en kom gee dit af by die kerkkantoor of bring Sondag saam na die Erediens. Merk dit asseblief duidelik MTR SMIT – HUIS 8.

ALLE DONASIES MOET TEEN MAANDAG, 21 SEPTEMBER AFGEVEE WORD.

Uit die hart...

In die reeks: *The Chosen*, word Matteus uitgebeeld as iemand wat op die spektrum van outisme is. Hy dink en kommunikeer anders en verwerk dit wat rondom hom gebeur anders as die ander dissipels. Die Bybel sê nêrens dat Matteus op die spektrum van outisme was nie. Dit is 'n kreatiewe keuse van die makers van *The Chosen*. Tog laat dit 'n mens op 'n nuwe manier kyk na die verhaal waar Jesus vir Matteus roep.

In Matteus 9:9 lees ons dat Jesus by die tolhuis verbygaan en Matteus daar sien sit. Dit is 'n klein, maar belangrike *detail*: Jesus sien hom. Die mense rondom Matteus het waarskynlik 'n tollenaar gesien: iemand wat vir die Romeine werk en wat nie deel van hulle groep was nie; iemand wat hulle beslis nie self sou kies nie.

Jesus sien vir Matteus en sê eenvoudig: "Volg My."

In die reeks is Petrus glad nie gelukkig hiermee nie. Hy kan nie verstaan waarom Jesus juis vir Matteus wil saamneem nie. Hy sê: "*This is different.*" Waarop Jesus antwoord: "*Get used to different.*"

Dit staan ook nie in die Bybel nie, maar vertel van Jesus. Die mense wat Jesus rondom Hom bymekaarmaak, verskil baie van mekaar. Hulle agtergronde en persoonlikhede verskil en hulle verstaan mekaar nie altyd nie. Tog roep Jesus hulle om saam met Hom op pad te gaan.

Ons leef ook saam met mense wat anders as ons dink, kommunikeer en die wêreld beleef: iemand met ADHD, 'n kind wie se wêreld anders voel, 'n ouer mens wat alleen voel, 'n kollega of vriend wat anders groot geword het as ek. Ons wil maklik hê die ander persoon moet meer soos óns dink of reageer.

Jesus sien nie iemand wat eers moet verander om te kan inpas nie. Hy sien vir Matteus en roep hom om saam te kom.

"*Get used to different.*"

Miskien moet ek "*get used to different*" raak.... Miskien moet die kerk "*get used to different*" raak...

... Pieter